



You have Downloaded, yet Another Great Resource to assist you with your Studies ☺

Thank You for Supporting SA Exam Papers

Your Leading Past Year Exam Paper Resource Portal

Visit us @ www.saexampapers.co.za

SA EXAM PAPERS

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## DANSSTUDIES

## NOVEMBER 2018

**PUNTE: 100**

**TYD: 3 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 10 bladsye.**

Kopiereg voorbehou

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Hierdie vraestel bestaan uit TWEE afdelings met 11 vrae in totaal. Beantwoord slegs SEWE vrae soos volg:

   AFDELING A: VEILIGE DANSPRAKTYK EN GESONDHEIDSORG (40 punte)
   - Beantwoord DRIE van die vier vrae in hierdie afdeling.
   - Jy het 'n keuse tussen VRAAG 4 en VRAAG 5. Indien jy albei vrae beantwoord, sal slegs die EERSTE antwoord nagesien word.

   AFDELING B: DANSGESKIEDENIS EN -GELETTERDHEID (60 punte)
   - Beantwoord VIER van die ses vrae in hierdie afdeling.
   - Jy het 'n keuse tussen VRAAG 8, VRAAG 9 en VRAAG 10. Indien jy al drie vrae beantwoord, sal slegs die EERSTE antwoord nagesien word.

2. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

3. Lees elke vraag aandagtig deur en let op na wat vereis word.

4. Eenwoord-antwoorde sal NIE aanvaar word indien jy gevra word om te verduidelik/breedvoerig te skryf/beskryf/ontleed/evalueer/vergelyk, ens. NIE. Skryf jou antwoorde in volsinne.

5. Jy kan rofwerkbeplanning in die ANTWOORDEBOEK doen. Trek 'n streep deur enige werk wat NIE nagesien moet word NIE.

6. Jy sal geassesseer word op jou vermoë om:
   - Slegs in een taal te skryf
   - Inligting te organiseer en duidelik oor te dra
   - Die spesifieke formaat te gebruik wat in sekere vrae vereis word
   - Spesialis-dansterminologie te gebruik, waar nodig

7. Skryf netjies en leesbaar.

## AFDELING A: VEILIGE DANSPRAKTYK EN GESONDHEIDSORG

### VRAAG 1: FIKSHEIDSKOMPONENTE (VERPLIGTEND)

1.1 Gee 'n definisie vir ELK van die VYF fiksheidskomponente hieronder.

- Kernstabiliteit
- Soepelheid
- Krag
- Uithouvermoë/Stamina
- Neuromuskulêre vaardighede (5)

1.2 Analiseer hoe onvoldoende kernstabiliteit 'n danser se optrede/danswerk kan beïnvloed. (5)

1.3 Hoe kan jy, na jou mening, hoë fiksheidsvlakke in jou dansklasse ontwikkel? Gee gedetailleerde voorbeelde om jou antwoord te staaf. (5)
**[15]**

### VRAAG 2: OORSAKE VAN BESERINGS (VERPLIGTEND)

Verduidelik hoe swak danstegniek tot beserings in die dansklas kan lei. Gee voorbeelde om jou antwoord te staaf. **[7]**

### VRAAG 3: VOEDING EN HIDRASIE (VERPLIGTEND)

3.1 Verduidelik hoe goeie voeding 'n danser se tegniese vermoë en danswerk kan verbeter. Gee voorbeelde om jou antwoord te staaf. (4)

3.2 Verduidelik waarom dansers gedurende klasse en opvoerings gehidreer moet bly. (4)
**[8]**

**LET WEL:** Jy het 'n keuse tussen VRAAG 4 en VRAAG 5.
Beantwoord slegs EEN van hierdie vrae.

**VRAAG 4: SPIERE EN ANATOMIESE AKSIES (KEUSEVRAAG)**

**LET WEL:** Beantwoord hierdie keusevraag slegs indien jy spiere en anatomiese aksies in die klas bestudeer het.

4.1 Kies 'n aksie uit KOLOM B wat by 'n spier in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommers (4.1.1 tot 4.1.4) in die ANTWOORDEBOEK neer.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 4.1.1 | Gracilis | A | betrokke by laterale fleksie van die romp |
| 4.1.2 | Trapesius | B | betrokke by adduksie van die heupgewrig |
| 4.1.3 | Gluteus maximus | C | betrokke by stabilisasie van die skapula |
| 4.1.4 | Eksterne oblique | D | betrokke by ekstensie van die heupgewrig |

(4 x 1) (4)

4.2 Verwys na die visuele beeld hieronder en beantwoord die daaropvolgende vrae met betrekking tot die anatomiese aksies wat in hierdie beweging plaasvind.



[Bron: www.pinterest.com]

4.2.1 Watter spier is verantwoordelik vir die anatomiese aksie wat in die elmbooggewrig plaasvind? (1)

4.2.2 Watter spier is verantwoordelik vir die anatomiese aksie wat in die kop plaasvind? (1)

4.2.3 Noem EEN aksie wat in die heupgewrig plaasvind en EEN spier wat vir die aksie verantwoordelik is. (2)

4.2.4 Noem EEN spier verantwoordelik vir die anatomiese aksie wat in die kniegewrig plaasvind. (1)

4.2.5 Noem EEN spier verantwoordelik vir die anatomiese aksie wat in die enkelgewrig plaasvind. (1)
**[10]**

**OF**

## VRAAG 5: VEILIGE DANSPRAKTYK EN BEWEGINGSKWALITEIT (KEUSEVRAAG)

5.1 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Skryf slegs 'waar' of 'onwaar' langs die vraagnommers (5.1.1 tot 5.1.4) in die ANTWOORDEBOEK neer.

5.1.1 'n Goeie afkoelproses voorkom dat bloed in die ledemate opdam. (1)

5.1.2 'n Dinamiese opwarming behels ononderbroke beweging. (1)

5.1.3 Melksuur word tydens die afkoelproses uit die spiere verwyder om krampe te voorkom. (1)

5.1.4 Die hartklop versnel gedurende die afkoelproses. (1)

5.2 Kennis van bewegingskwaliteite dra tot 'n hoë opvoeringsvlak by.

Verduidelik die volgende bewegingskwaliteite:

5.2.1 Musikaliteit (1)

5.2.2 Oorgange (1)

5.2.3 Dinamiek (1)

5.2.4 Projeksie (1)

5.2.5 Vlotheid (1)

5.2.6 Toewyding (1)
**[10]**

**TOTAAL AFDELING A: 40**

## AFDELING B: DANSGESKIEDENIS EN -GELETTERDHEID

### VRAAG 6: TEGNIEK VAN HOOFDANSVORM (VERPLIGTEND)

6.1 Noem jou hoofdansvorm.

6.2 Identifiseer VYF tegnieke van jou hoofdansvorm. (5)

6.3 Beskryf in breë trekke ELK van die tegnieke in VRAAG 6.2 genoem. (5)
**[10]**

### VRAAG 7: DANSELEMENTE EN CHOREOGRAFIE (VERPLIGTEND)

7.1 7.1.1 Analiseer hoe die danselemente RUIMTE en KRAG in die visuele beeld hieronder gebruik word. (4)

7.1.2 Evalueer hoe die danselement TYD in die visuele beeld hieronder gebruik word. (2)



[Bron: http://www.danceconsortium.com]

7.2 Hoe het die choreografie praktiese assesseringstaak (PAT 1) jou as persoon en as danser ontwikkel? (4)
**[10]**

**LET WEL:** Jy het 'n keuse tussen VRAAG 8, VRAAG 9 en VRAAG 10.
Beantwoord slegs EEN van hierdie vrae.

**VRAAG 8: ALVIN AILEY EN *REVELATIONS* (KEUSEVRAAG)**

Verbeel jou dat jy Alvin Ailey is en dat daar 'n onderhoud met jou gevoer word. Beantwoord die volgende vrae. Punte sal vir die korrekte formaat vir 'n onderhoud toegeken word.

Korrekte formaat vir 'n onderhoud. (2)

8.1 Beskryf jou kinderdae. (2)

8.2 Verduidelik hoe jou opvoeding gehelp het om sommige van jou danswerke te inspireer. (3)

8.3 Beskryf in breë trekke jou bydrae tot dans en die samelewing. (3)

8.4 Beskryf hoe jy produksie-elemente in die temas van 'Pilgrims of Sorrow' en 'Move Members Move' gebruik het, soos in die visuele beelde hieronder getoon word.





[Foto's deur Gert Krautbauer] (6)

8.5 Verduidelik hoe die musiek *Revelations* versterk het. (5)

8.6 Verduidelik hoe jy diep emosies in jou bewegingswoordeskat in 'Pilgrims of Sorrow' en 'Move Members Move' getoon het. (6)

8.7 Wat, na jou mening, maak *Revelations* so 'n tydlose stuk? (3)
**[30]**

**OF**

**VRAAG 9: GREGORY MAQOMA EN *FOUR SEASONS* (KEUSEVRAAG)**

Verbeel jou dat jy Gregory Maqoma is en dat daar 'n onderhoud met jou gevoer word. Beantwoord die volgende vrae. Punte sal vir die korrekte formaat vir 'n onderhoud toegeken word.

Korrekte formaat vir 'n onderhoud. (2)


9.1 Beskryf hoe jou belangstelling in dans begin het. (2)

9.2 Beskryf jou professionele loopbaan as 'n danser/choreograaf. (3)

9.3 Beskryf in breë trekke jou bydrae tot dans en die samelewing. (3)

9.4 Beskryf hoe jy produksie-elemente gebruik het om die verskillende temas in 'Herfs' en 'Lente' te toon, soos in die visuele beelde hieronder aangedui.





[Foto's deur John Hogg] (6)

9.5 Verduidelik hoe die musiek *Four Seasons* versterk het. (5)

9.6 Verduidelik die bewegingswoordeskat wat jy in hierdie danswerk gebruik het. (6)

9.7 Wat, na jou mening, maak *Four Seasons* so 'n relevante danswerk in vandag se samelewing? (3)
**[30]**

**OF**

Kopiereg voorbehou 

**VRAAG 10: CHOREOGRAAF EN DANSWERK (KEUSEVRAAG)**

Kies EEN van die choreograwe en EEN van sy/haar danswerke uit die voorgeskrewe lys hieronder. Punte sal vir die korrekte formaat vir 'n onderhoud toegeken word.

| **INTERNASIONALE CHOREOGRAWE** | **DANSWERKE** |
|---|---|
| Christopher Bruce | *Ghost Dances* |
| George Balanchine | *Apollo/Jewels (Emeralds, Rubies, Diamonds)* |
| Jiři Kylián | *Wings of Wax/Stamping Ground* |
| Martha Graham | *Lamentation/Errand into the Maze* |
| Matthew Bourne | *Swan Lake/Cinderella* |
| Mats Ek | *Giselle/Swan Lake/Carmen* |
| Pina Bausch | *The Rite of Spring* |
| Rudi van Dantzig | *Four Last Songs* |
| William Forsythe | *In the Middle, Somewhat Elevated* |
| **SUID-AFRIKAANSE CHOREOGRAWE** | **DANSWERKE** |
| Alfred Hinkel | *Cargo/I am Cinnamon/Rain in a Dead Man's Footprints/Last Dance (Bolero)* |
| Carolyn Holden | *Blood Wedding/Imagenes* |
| Dada Masilo | *Swan Lake/Romeo and Juliet* |
| Gary Gordon | *Bessie's Head* |
| Mavis Becker | *Flamenco de Africa* |
| Sylvia Glasser | *Tranceformations* |
| Gregory Maqoma | *BeautyTriology/Skeleton Dry* |
| Veronica Paeper | *Orpheus in the Underworld/Carmen* |
| Vincent Mantsoe | *Gula Matari* |

Gee die naam van die choreograaf en die titel van die danswerk wat jy gekies het.

Beantwoord die vrae asof jy die choreograaf is met wie die onderhoud gevoer word.

Korrekte formaat vir 'n onderhoud. (2)

10.1 Beskryf jou dansopleiding en jou professionele loopbaan as 'n danser/ choreograaf. (5)

10.2 Beskryf in breë trekke jou bydrae tot dans en die samelewing. (3)

10.3 Beskryf hoe die gebruik van produksie-elemente die doel/tema van hierdie danswerk versterk het. (6)

10.4 Verduidelik hoe die musiek die danswerk versterk het. (5)

10.5 Verduidelik hoe simboliek in die bewegingswoordeskat van hierdie danswerk gebruik is. (6)

10.6 Waarom sou jy aanbeveel dat mense hierdie danswerk kyk? (3)
**[30]**

**VRAAG 11: DANSWERK (VERPLIGTEND)**

**LET WEL:** MOENIE oor dieselfde choreograaf en danswerk skryf wat jy vir VRAAG 8, VRAAG 9 of VRAAG 10 gekies het nie.

Kies EEN van die danswerke uit die voorgeskrewe lys hieronder.

| INTERNASIONALE CHOREOGRAWE | DANSWERKE |
|---|---|
| Christopher Bruce | *Ghost Dances* |
| Alvin Ailey | *Revelations* |
| George Balanchine | *Apollo/Jewels (Emeralds, Rubies, Diamonds)* |
| Jiři Kylián | *Wings of Wax/Stamping Ground* |
| Martha Graham | *Lamentation/Errand into the Maze* |
| Matthew Bourne | *Swan Lake/Cinderella* |
| Mats Ek | *Giselle/Swan Lake/Carmen* |
| Pina Bausch | *The Rite of Spring* |
| Rudi van Dantzig | *Four Last Songs* |
| William Forsythe | *In the Middle, Somewhat Elevated* |

| SUID-AFRIKAANSE CHOREOGRAWE | DANSWERKE |
|---|---|
| Alfred Hinkel | *Cargo/I am Cinnamon/Rain in a Dead Man's Footprints//Last Dance (Bolero)* |
| Carolyn Holden | *Blood Wedding/Imagenes* |
| Dada Masilo | *Swan Lake/Romeo and Juliet* |
| Gary Gordon | *Bessie's Head* |
| Mavis Becker | *Flamenco de Africa* |
| Gregory Maqoma | *Four Seasons/BeautyTrilogy/Skeleton Dry* |
| Sylvia Glasser | *Tranceformations* |
| Veronica Paeper | *Orpheus in the Underworld/Carmen* |
| Vincent Mantsoe | *Gula Matari* |

Gee die naam van die choreograaf en die titel van die danswerk wat jy gekies het.

Evalueer hoe die doel/tema van die gekose danswerk simbolies deur die gebruik van produksie-elemente en bewegings uitgebeeld word. Staaf jou antwoord met voorbeelde uit die danswerk. **[10]**

**TOTAAL AFDELING B: 60**
**GROOTTOTAAL: 100**

Kopiereg voorbehou